



celebrating culture - improving clarity

## Aksent verklap jou verlede en selfs jou invloed

Djy prôt dalk annirs, mar dêsi verkeertie

Ons sukkel maar soms in Suid-Afrika om mekaar te verstaan met dié dat ons met soveel verskillende aksente in ons reënboogland praat. Is daar 'n reg en verkeerd, vra Marzahn Botha.

'Êk's 'n Kypie vanni Kaap. Jy moet nou nie stat jou lyf Kapenaar hou en van 'êk' loop pra as jy nie ene is nie,' het 'n bruin man met sy eg Kaapse aksent eendag my neef berispe oor sy "vals" Kaapse aksent.

Selfs mnr. Julius Malema, leier van die ANC-jeugliga, is onlangs in die bek geruk nadat hy me. Naledi Pandor, voormalige minister van onderwys, voor 'n skare by die Tshwane-Universiteit van Tegnologie (TUT) beledig het dat sy haar Amerikaanse aksent gebruik eerder as om studente te help.

"Dis tyd dat sy daardie nagemaakte aksent gebruik om ons te help en om op te tree," het Malema gesê. Of jy nou soos die rugbykommentator Naas Botha sukkel om 'n subtiele Afrikaanse aksent te onderdruk wanneer jy Engels praat, of 'n gepoleerde aksent, 'n inge oefende Britse of Amerikaanse of 'n plattelandse aksent het – jou aksent verklap baie omtrent jou.

Wat is 'n aksent?

Volgens me. Retha Scholtz, 'n spraakterapeut van Kaapstad, is 'n aksent die vorm van die klanke – die vokale en konsonante – wat jy gebruik. "Dit gee ook 'n aanduiding van jou herkoms, die gebied, jou kultuur, waar jy grootgeword het en deur wie jy grootgemaak is. En selfs die invloed waaraan jy op 'n jong ouderdom blootgestel is. Dit is ook 'n aanduiding van hoe jy spraak hoor – jou auditiewe persepsie – en hoe jy die vorm van klanke weergee," sê Scholtz.

"Aksente kan in twee groepe geplaas word – streek- en uitheemse aksente," volgens me. Maggie Tshule, 'n spraakterapeut en besturende lid van Accents Training in Rosebank, Johannesburg.

"Voorbeelde van 'n streekaksent is hoe die aksente waarmee bruin mense van Kaapstad praat anders klink as die aksent van bruin mense in Johannesburg.

"Uitheemse aksente is waar die aksent van 'n persoon wie se moedertaal Engels is anders klink as iemand wie se eerste taal Zoeloe is en wat Engels aangeleer het."

Skaam vir jou 'rrr'?

Sommige Afrikaanssprekendes voel dikwels skaam oor die "r"-klank wat so duidelik van hul tong afrol as hulle Engels praat of die "te" wat 'n "th" moes wees. Dit geld ook Engels-sprekendes wat weens hul aksent huiwer om Afrikaans te praat.

Scholtz sê as jy trots is op jou herkoms en jou moedertaal behoort jy op jou aksent ook trots te wees.

“Solank jou taal duidelik en verstaanbaar is, behoort jy trots te wees daarop.”

Tshule voeg by dat aksente ’n natuurlike deel van die gesproke taal is.

“Dit is belangrik om te weet dat geen aksent beter of meer korrek as ’n ander is nie. Ek beklemtoon dat aksente nie ’n spraak- of taalsteurnis is nie.

“Maar sekere mense sukkel om te kommunikeer omdat hulle dink hul aksent is nie subtiel genoeg nie. Hulle is gewoonlik bang dat mense hulle nie verstaan nie, vermy sosiale kontak en is gefrustreerd om hulself te herhaal.

“Hierdie kommunikasieprobleme kan ’n negatiewe invloed op hul werkprestasie, opvoedkundige ontwikkeling en daaglikse lewensaktiwiteite hê. Hul selfbeeld kry gewoonlik ook ’n knou,” sê Tshule.

Verander dit

“Die aanleer van aksente wissel by persone. Sommige mense se ouditiewe persepsie is beter as ander en hulle kan makliker die vorm van klanke in hul eie spraak verander,” sê Scholtz.

Volgens haar is die blootstelling aan ’n spesifieke aksent die beste manier om dit te bemeester, want die brein ontvang heeltyd die klankgolwe van die nuwe aksent en die mens is van nature ’n nabootser.

“Dus sal nuwe ouditiewe bane in die brein gevorm word en later outomaties by die mond uitkom.”

Spraak- en taalterapeute kan jou ook help om jou aksent te verander.

Volgens Tshule staan hierdie verandering beter bekend as aksentwysiging of aksent-vermindering. Gewoonlik is dit diegene wie se moedertaal nie Engels is nie, diegene met ’n streek-aksent, professionele sakelui, mediese personeel en akteurs.

Eerste vier jaar

’n Kind se taalverwerwingsvermoë is die beste in hul eerste vier jaar. Hulle het ’n ongelooflike vermoë om in daardie paar jaar teen ’n vinnige spoed veel meer as ’n volwassene van taal aan te leer.

’n Mengelmoes

Me. Arina Coetzee, ’n spraakterapeut van Bonnievale in die Wes-Kaap, sê aksente speel ’n klein rol in die konnotasies of groepering van verskillende groepe.

Volgens Coetzee is daar nie ’n ding soos ’n perfekte Engelse aksent nie. “Gewoonlik hang dit af van wie jy vra. Die Britte glo dis hul ‘Queen’s English’ en die Amerikaners glo dis hulle s’n. Afrikaanssprekendes en die meeste Engelssprekende Suid-Afrikaners dink die Britse aksent is die ware Jakob.

“??’n Aksent is ’n baie relatiewe ding en het ’n swaar emosionele lading. Dit gee identiteit aan groepe, byvoorbeeld die Skotse aksent wat Skotte as kulturele groep saambind, en hulle is trots op hul aksent.

“??’n Afrikaanssprekende persoon wat in Engels ’n Afrikaanse aksent het, is baie keer skaam daaroor, maar my mening is dat ons dit moet begin omarm in hierdie reënboognasie waar elke bevolkingsgroep sy eie aksent in Engels het.”

Coetzee glo die Suid-Afrikaanse dialek sal in die toekoms ’n mengelmoes van reënboogkulture en hul aksente wees. “Eintlik is dit reeds so. Viva, rainbow nation, viva! En as jy dit nog nie aangeleer het nie, is jy agter.”

Spraakterapie kan help ’n Spraakterapeut kan jou spraak ontleed en vasstel of dit onduidelik en onverstaanbaar oorkom. Indien daar ’n spesifieke aksent is wat jy wil aanleer, kan die terapeut kyk na watter veranderinge in die vorm van klank aangebring kan word.

’n Wêreld-aksent?

Volgens Scholtz is daar sover sy weet nie ’n wêreld-aksent (een wat oor die hele wêreld as die regte aksent gesien word) nie. “Solank die taal duidelik en verstaanbaar is, is jou aksent reg.”

celebrating culture - improving clarity  
maggie@icon.co.za | www.accent.co.za